Hennie

147. KAB. A. 5

# DIE LEWE IS 'N GRENSHOTEL

| | | |
|---|---|---|
| a | Die lewe is 'n Grenshotel | |
| b | Doodle doo doo | |
| 1a | Titels (Grenshotel "refrein") | |
| 1b | LINK A | |
| 2 | 'n Grenshotel is die lewe | Paul D. & Amanda |
| 3a | LINK B | |
| 3b | Net 'n bietjie liefde | MC's & Groep |
| 4 | Trapsgewys | Wilna |
| 3c | Net 'n bietjie liefde | MC's & Groep |
| 5 | Hoekie vir eensames | Mike |
| 3d | Net 'n bietjie liefde | MC's & Groep |
| 6 | Enkelspel (praat) | Amanda & Groep |
| 7 | Et Maintenant | Paul & mans |
| 8 | LINK C | |
| 9 | Laat staan sulke dinge (sing/praat) | MC's & Groep |
| 10 | LINK D | |
| 11 | Just a Gigolo | Wilna & Groep |
| 12 | Vroetelpappie | Mike |
| 13 | Milord | Amanda |
| 14 | LINK E | |
| 15 | Die lewe is 'n Grenshotel | Paul S (& Paul & Mik) & J |
| 16 | Il faut marcher | Mans |
| 17 | Lily Marlene | Amanda |
| 18 | Lied van die Verminktes | Mans |
| 19 | Sons of our Sons | Wilna & Groep |
| 20 | Doodle doo doo - Grenshotel | Janice & Groep |
| 21 | Titels | |

# DIE LEWE IS 'N GRENSHOTEL

1. Titelmusiek + titels

2. KOOR: (6 stemme)

Die lewe is 'n grenshotel
'n volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

3 Paul Ditch by Klavier:
hy speel "Grenshotel" se 1e vers tot by 1e reël van refrein:
"Die lewe is 'n grenshotel"

4. LINK A → op DOODLIE-DO

| | |
|---|---|
| MC1 | Die lewe is 'n grenshotel. |
| MC2 | Grenshotel? |
| MC1 | Want hier het ons geen vaste blyplek nie |
| MC2 | Hier? |
| MC1 | Op aarde. |
| MC2 | Iets tussenin, dus? |
| MC1 | En intussen, gewis. |
| MC2 | En intussen grens ons? |
| MC1 | Oor kunsmatige grense. |
| MC2 | Tussen rasse en kulture. |
| MC1 | En mense en mense. |
| MC en MC2 | Want wat is, is die mens. |
| MC1 | En dis kabaret. |

# 5. 'n Grenshotel is die lewe
(Paul Ditch en Amanda

sy tweedhoed het 'n veer in
hy's die baas hier op sy plaas
bes moontlik op die kerkraad
met 'n gesonde bankbalans
hy's die vleuel vir die dorpspan
(en) kan 'n mielie deur en deur
en as die voltjek goed lyk
kan 'n snaakse ding gebeur

'n grenshotel is die lewe
Maseru Mbabane
'n knippie hier die casino daar
'n rolprent vol plesier
by Sol se paradys
met 'n whiskey oor die ys
'n naweek weg vir besigheid
met vroutjie veilig tuis

safaripakbrigade
tee om stiptelik tien en drie
knor as die staat se balpuntpenne
opdroog teen afskrif no. 3
lid van elke pil-en brilfonds
daar's net 'n nommer op die deur
maar as die bonus goed lyk
kan 'n snaakse ding gebeur

'n grenshotel is die lewe
Maseru Mbabane
'n knippie hier die casino daar
'n rolprent vol plesier
by Sol se paradys
met 'n whiskey oor die ys
'n naweek weg vir besigheid
met vroutjie veilig tuis

6 LINK P →DOODLIE DOO

| | |
|---|---|
| MC1 | Kabaret is ... |
| MC2 | Sosiale kommentaar! |
| MC1 | Kabaret het 'n morele funksie. |
| MC2 | Kabaret is regs. |
| MC1 | Kabaret is links |
| MC1 ) MC2 ) | Kabaret is linksregslinksregslinksregs |
| MC1 | Kabaret is 'n priester |
| MC2 | Vermom as 'n nar |
| MC1 | Kabaret is satire |
| MC2 | En altyd ironies |
| MC1 | Met 'n speurseltjie liefde |
| MC2 | Kabaret is (ook) sentiment |
| MC1 | En gaan (ook) oor die liefde |
| MC2 | En die valsheid van die liefde |
| MC1 ) MC2 ) | Die te-veel of te-min |

7

Net 'n bietjie liefde
sug die huisvrou na haar dag
(vermoed dat sy 'n leeftyd
op dié wonder gaan bly wag)

Janice

Vra alles behalwe die liefde
want liefde gevra is te veel
vir eindige mensies soos ons is
is liefde gevra eens te veel

Groep

8

TRAPSGEWYSE — Wilna

Jou teerheid is 'n vlinder
'n papillon d'amour;
vervlietend nes 'n blomgeur
ontwykend soos toujours.

Jou hartstog is robyne –
'n vuur gevang in glas:
dit smeul nes oú ballades
soos kole onder as.

Jou wreedheid is 'n springmes
geslepe en presies
ontwerp na jou behoeftes
verseker teen verlies.

Joú kilheid is 'n yspriem
wat lig breek soos kristal
en breek tot lig versplinter
en swart word in sy val.

C

9

Net 'n bietjie liefde
roep die digter radeloos
want sonder hierdie dryfkrag
is sy versies waardeloos

Slabs

Vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel
vir eindige mensies soos ons is
is liefde gevra eens te veel

Groep

---

10 Hoekie vir eensames – Mike

Veertig, blank en ongeskonde
met nog my eie tande;
dat ek 'n oujongkêrel is,
strek die publiek tot skande:
    want ek kan kook op elke plan,
    van Kaapse kos tot haute cuisine;
    maar staan my tafel blink gedek,
    moet ek my aan myself bedien.

Veertig, blank en ongeskonde
met slank, bedrewe hande;
dat ek 'n oujongkêrel is,
strek die publiek tot skande:
    my bruiloftorings vat die koek:
    van oorvloed elk 'n horing;
    soms rokoko soms neo-klassiek
    met nooit 'n stylverstoring.

Veertig, blank en ongeskonde
met artistieke hande;
dat ek 'n oujongkêrel is,
strek die publiek tot skande:
    ek knip en toor en haal 'n droom
    uit tweed of kant of tulle
    en laat hul na prinsesse lyk
    al is hul bourgois-prulle.

Veertig, blank en ongeskonde
geseën met regstaanhande;
dat ek 'n oujongkêrel is,
strek die publiek tot skande:
    ek doen die blomme vir die kerk -
    in werklikheid 'n liefdeswerk
    want voor die kansel sweer ek trou
    al word my liefde ingeperk.

11

Net 'n bietjie liefde
is die bakvis se versoek — Janice
maar weet nie dat sy enduit
na hierdie droom gaan soek

Vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel — Groep
vir eindige mensies soos ons is
is liefde gevra eens te veel

12

ENKELSPEL – Amanda

Die liefde is 'n enkelspel:
ontwerp vir één, gespeel deur twéé -
net één kan tog die wedstryd wen:
die wenner vra 'n blink trofee

Sméérhou, drýfhou, lúgbal - stróóp!
núlpot, dóófpot - waar's die knoop?

'n Dubbelfout verknoei die spel:-
ontwerp vir één, gespeel deur twé;
die wenner eis 'n brons trofee

Dréáibal, lúgbal, skróéibal - stróóp!
núlpot, dóófpot waar's die hoop?

'n Mikbal kan die stryd beslis
die een-saam spel gespeel deur twee:
'n enkel swig, die hartspier pyn:
die wenner kry 'n broos trofee

Afslaan, trúgslaan, néthou - stróóp!
núlpot, dóófpot - kafgeloop!

13

Janice + Slabs

Mensekinders, almal,
kleuter, digter, swaar bejaarde,
vra rykdom, roem, gesondheid,
vra blinkgoed uit die aarde,
vra alles wat die gode bied,
vra wyn, die vrou, die lied -
vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel,
vra alles behalwe die liefde

Groep

want liefde gevra is te veel
want liefde gevra is te veel
want liefde gevra is te veel
want liefde ... (Doof uit.)

---

14

## ET MAINTENANT - Paul Ditch

En vorentoe
wat doen ek verder
met al die tyd
waarin ek sal leef
ek voel so uit
ek voel verlore
noudat jy
lewe sonder my
(Hoe) kan ek omgee - vir wie? vir wat?
(hoe) kan ek voorgee - dat ek alles kan vat
my hart bly klop, hy klop, so fiks
my hart bly klop, vir niks

en vorentoe
wat doen ek verder
as niks beweeg
is my lewe leeg
jy is hier weg
en was jy nie weg nie
dan was die stad
tog nooit so sleg nie

en al my vriende is opgewek
probeer my help in 'n lang gesprek
maar selfs Parys se strate is so stom
versmoot my in beton

en vorentoe
wat doen ek verder
ek kan nog lag
dit sal strane stop
maar ek sal moet wag
deur nagte sonder slaap
en op 'n dag
sal ek jou verag

en later sal 'n pad oopvou
en voor my oë 'n toekoms bou
sonder 'n lag (en) sonder 'n traan
want als is niks - sonder jou

wat doen ek nou, waar is jy heen
ek is 'n niks - alleen.

15 LINK C - DOODLIE DOO

| | |
|---|---|
| MC1 | Kabaret is protes |
| MC2 | Beskáàfde protes |
| MC1 | Protes teen dwaasheid en pretensie |
| MC2 | Skraapsug en ydelheid |
| MC1 | Kabaret is oop |
| MC2 | Kabaret is bloot |
| MC1 | Kabaret is oop-en-bloot ... |
| MC2 | ... bloot-en-oop |
| MC2 | Kabaret is blootstelling |
| MC1 | Kabaret is oopstelling |
| MC2 | ... want as jy lag, is jy oop ... |
| MC1 | ... en kom die waarheid wel bloot! |

16

# Laat staan sulke dinge

Verbrand tog nie jou vingers
bly in jou tuisgebied:
die wingerd van 'n buurstaat
is vranker as verdriet

laat staan sulke dinge laat staan
laat staan sulke dinge laat staan: Groep

En soengroet geen minister
al is dit sy verlies:
want protokol eis spytig
die tong in eie kies

laat staan sulke dinge laat staan
laat staan sulke dinge laat staan: Groep

En pynig nie jou naaste
al smeek hy soms daarom:
die wet erken geen liefde
wat uit kastyding kom

laat staan sulke dinge laat staan
laat staan sulke dinge laat staan: Groep

En speel nie met 'n sonde
jy kan jou meer verwond:
laat rus gerus jou sere
dalk word hul self gesond

laat staan sulke dinge laat staan
laat staan sulke dinge laat staan

Groep

Laat staan sulke dinge laat staan
laat staan sulke dinge laat staan:

17 LINK D

| | |
|---|---|
| MC1 | Kabaret speel met woorde |
| MC2 | Kabaret is woordspelig |
| MC1 en MC2 | Kabaret staan in diens van 'n hoër deug ... |
| MC1 | ... as die amptelike |
| MC2 | ... die burgerlike |
| MC1 | Kabaret is burlesk |
| MC2 | Kabaret is grotesk |
| MC1 | Dit grens oor gevalle ... |
| MC2 | ... gevalle grense |
| MC1 en MC2 | ... grensgevalle |
| MC1 | Randfigure |
| MC2 | Kantfigure |
| MC1 | Skadu's van die strate |
| MC2 | "Rawe van die nag" |

18 NET 'N GIGOLO - Wilna

Net 'n gigolo
dis wat almal glo
mense ken die rol
wat ek speel
koop my vir 'n dans
met die hoogste tal
elke aand 'n kans
verspeel
as jy weg moet gaan
my alleen laat staan
wat sal hulle dan van my dink
op die end sal hul glo
en sê - net 'n gigolo
en als gaan voort soos altyd.

19

## TREURLIED VIR 'N VROETELPAPPIE
of
## CRIME PASSIONEL

Mike

Alles mag haar vroetelpappie,
net vroetel mag hy nie,
want vroetelry vind sy vulgêr -
dus: vroetel mag hy nie.

Hy mag haar saamneem na New York
Beiroet of die Bahamas:
maar ook op reis slaap hul alleen,
verseël in duur pajamas.

Hy laat haar klee deur Pierre Balmain
of ander van die Jet Set -
maar as dit by ontkleding kom,
hoort sy aan die belet-set.

Alles mag haar vroetelpappie,
net vroetel mag hy nie,
want vroetelry vind sy vulgêr -
dus: vroetel mag hy nie.

Maar durf hy net 'n hand uitsteek
na bolle vrugte, yl verskans,
hou sy hom teë, pleit sensueel:
"Ag, wees tog nie soos ander mans!"

Alles mag haar vroetelpappie,
net vroetel mag hy nie,
want vroetelry vind sy vulgêr -
dus: vroetel mag hy nie.

En toe hy haar verstrengel vind -
èn moedernaak - met sy chauffeur,
het hy gekorrel, toe gevuur:
die einde van 'n dwang-terreur.

Die speurders kry hom doenig tuis,
drie slette op sy kerfstok;
en toe hy gaan, het een gehuil -
'n blonde in 'n borsrok.

Alles kon haar vroetelpappie,
net vroetel mag hy nie,
want vroetelry het haar mishaag
en vroetel mog hy nie......

Musiek: Enr!

## MILORD

Amanda



Kom nou kom in Milord
kom sit en praat met my
daar buite is dit koud en
triestig in die wind.
Kom en ontspan Milord
alles gaan goed by ons
jy kry weer moed by ons
Jy's hier bekend Milord
al ken jy my glad nie
Ek wag matrose in
'n skadu van die nag.

In 'n systraat gisteraand
het ek jou gesien
maar jy was onbewus van
alles wat om jou is
Regop en argeloos
straatlig op jou gesig
Kop omhoog en sorgeloos
nes 'n koning van ouds
en langs jou was 'n vrou
en sy was so mooi
so mooi het ek gedink
en my hart het gekrimp.

Kom nou kom in Milord
kom sit en praat met my
daar buite is dit koud en
triestig in die wind.
Kom en ontspan Milord
alles gaan goed by ons
jy kry weer moed by ons
almal ontspan by ons
al ken jy my glad nie
Ek wag matrose in
'n skadu van die nag.

Somtyds is dit genoeg
as die skip net vertrek
want als stort in duie
alles waaraan jy werk
Die skip vertrek met haar
die een met die sagste oë
wat nie kon besef nie
liefde - mens kan huil -
net soos die lewe
gee jou weer al die kanse
om van vooraf te begin.

Kom nou kom in Milord
jy lyk so weerloos nou
kom en ontspan Milord
besoek my koninkryk, want ek kan jou vermaak,
ek sal van liefde sing
ek sing vir jou Milord
sing tot jou seer verdwyn
en kyk na my Milord
kyk baie goed na my

ek glo dit skaars Milord
want hoekom huil jy dan?

wat is dit dan Milord
kom glimlag Milord
(dis) beter, probeer net weer
so ja, dis reg
en kom ons lag Milord
en kom ons sing Milord
da da da dum da da.

21 LINK E

Die winde het verander
d'tante is nou die woord
ontspan met vol kanonne
verweer is nog nie moord

Ons slaap met een oog ope
vry met ons linkerhand
'n voorsmaak van verminking
jou regter vir jou land

22

## DIE LEWE IS 'N GRENSHOTEL

Madame sit in Die Grenswag
'n manskap teen haar bors
sy koester sy vermoeidheid
sy nadrup en sy dors

Slabs

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

3 Mans

Madame bestel 'n High Ball
(dit hou die vleesdrif hoog)
sy kyk na jong kanonvoer
wat saamdrom by die oog

Die lewe is 'n grenshotel
'n volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

Madame, versot op jong bloed,
vergeet skoon van haar óú
maar jonk of oud sterf eners
die slagveld is hul vrou

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

Madame grens oor dié wete
haar hulpdiens is beperk;
want of hul bruin of wit is
hul dra die Kainsmerk

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

En drank en nag bring kennis
en álmal haat die grens
die grens erken geen grense
alleen die hart se wens

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar.

23

## IL FAUT MARCHER

Kom ons makeer, makeer die pas
skop so beurt'lings vas
ons is so netjies uitgevat
mooi geskeer skoon gebad
kom ons marsjeer, marsjeer die pas
skik (nou) jou kuif en jou das
ons is op pad om te gaan veg
kom marsjeer nou weg
al ons bagasie staan en wag
liefie is klaar gegroet
sy sal ons mis sowaar as vet
(en) almal hoop sy's soet
stap nou reg en hup twee drie
doen nou als gelyk
moenie van hier af omkyk nie
want ons gaan nou veg
vertrek nou na die noorde
vertrek na vreemde oorde
en hup twee drie ons gaan nou weg
vertrek nou want ons gaan veg
ons gaan nou
ons gaan nou
ons gaan nou
gaan nou
gaan nou
want ons gaan veg.

24 LIED VAN DIE VERMINKTES

Met ledemate ongeskonde
is ek weer terug uit daardie hel:
maar in my gees suis die mortiere,
en in my hart sit die skrapnel.

Elders val die lentereëns
en roep die voëls die môre;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

Ek wou my ingraaf in die aarde
teen koeëls wat bontspring en ontplof;
my been lê op die veld vergete
maar ek bestaan nog: God sy lof.

Elders val die lentereëms
en roep die voëls die môre;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

Van my is oor dié hopie mensvleis
('n skaam en skamel nagereg)
wat in die skuiling van die brein
sy bittereinde einduit veg.

Elders val die lentereëns
en roep die voëls die môre;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

25 **Waar is al die blomme heen?** Amanda

Waar is al die blomme heen,
het die sonlig hul verblind?
Waar is al die blomme heen,
het die tyd hul reeds ontbind?
Sê my waar papawers dans?
Meisies vleg hul in 'n krans.
Sal ons dan nooit verstaan?(x2)

Waar is al die meisies heen,
was hul skoonheid net geleen?
Waar is al die meisies heen,
word hul skoonheid reeds beween?
Sê my waar die meisies dans?
Elke man gryp gou sy kans.
Sal ons dan nooit verstaan?

Waar is al die kêrels heen,
moet hul meisies hul beween?
Waar is al die jong mans heen,
moet hul moeders hul beween?
Het Die Grens hul vuur geblus?
Sal ons dan nooit verstaan? (x2)

Waar is die soldate heen,
moet hul meisies hul beween?
Waar is die soldate heen,
sterf hul almal, een vir een?
Waar sou hul(le) hul bevind?
Oor hul grafte waai die wind.
Sal ons dan nooit verstaan? (x2)

Waar is al die grafte nou,
waar moet ons oor dodes rou?
Waar is al die grafte nou,
waar kan ons hul dood berou?
Sê my waar is vader? kind?
Blomme sidder in die wind.
Sal ons dan nooit verstaan? (x2)

Waar is al die blomme heen,
het die sonlig hul verblind?
Waar is al die blomme heen,
het die tyd hul reeds ontbind?
Sê my waar papawers dans?
Meisies vleg hul in 'n krans.
Sal ons dan nooit verstaan? (x2)

vertaling: Hennie Aucamp

# SONS OF OUR SONS

Wilna



Seuns van (ŉ) arme
Seuns van (ŉ) ryke
wys my die kind
met geen verwyte
seuns van beroemd
(of) onbekend
was ŉ kind soos die van jou
en almal sal dieselfde wees
die ligte lag
die donker vrees
seuns van beroemd
(of) onbekend
was ŉ kind soos die van jou
maar dis verby alles verby

Seuns van die stad
seuns van die plaas
ja al die seuns
het weggehaas
deur ŉ veld van goud
deur ŉ veld van puin
ja almal het te gou verdwyn
te diep in die see
tussen mure van vlees
gekweste voëls wat bewe van vrees
seuns van ons seuns
(of) seuns op pad
(is) kinders uit ons arms gevat
maar dis verby, alles verby
seuns van ons seuns
(of) seuns op pad
almal uit ons arms gevat
seuns van (die) liefde
seuns van berou
seuns wat ons tog
vir altyd onthou

party bou pad
party breek af
party gaan weg
party bly weg

seuns van ons seuns
(of) seuns op pad
almal uit ons arms gevat
maar dis verby, alles verby

Seuns van ('n) arme)
seuns van ('n) ryke
wys my die kind
met geen verwyte
seuns van beroemd
(of) onbekend
was 'n kind soos die van jou
en almal sal dieselfde wees
die ligte lag
die donker vrees
(of) onbekend
was 'n kind soos die van jou
maar dis verby alles verby

27 DOODLIE DOO

28 "Grenshotel" REFREIN

29 Titels